

JY KÁN GOD SE VRIEND WEES!





INHOUDSOPGAWE

LES

- ◆ God nooi jou om sy vriend te word 1
- ◆ God is die beste vriend wat jy ooit kan hê 2
- ◆ Jy moet God leer ken 3
- ◆ Hoe jy God kan leer ken 4
- ◆ God se vriende sal in die Paradys lewe 5
- ◆ Die Paradys is op hande! 6
- ◆ 'n Waarskuwing uit die verlede 7
- ◆ Wie is God se vyande? 8
- ◆ Wie is God se vriende? 9
- ◆ Hoe om die ware godsdiens te vind 10
- ◆ Verwerp valse godsdiens! 11
- ◆ Wat gebeur by die dood? 12
- ◆ Die toorkuns en heksery is verkeerd 13
- ◆ God se vriende vermy die kwaad 14
- ◆ God se vriende doen wat goed is 15
- ◆ Bewys jou liefde vir God 16
- ◆ As jy 'n vriend wil behou, moet jy 'n vriend wees 17
- ◆ Wees God se vriend—Vir ewig! 18

Hierdie publikasie word nie verkoop nie. Dit word voorsien as deel van 'n wêreldwye Bybelonderrigtingswerk wat deur vrywillige bydraes ondersteun word.

Besoek gerus www.jw.org/af as jy 'n bydrae wil maak.

Tensy anders aangedui, kom Skrifaanhalings uit die Nuwe Wêreld-vertaling van die Heilige Skrif.

Jy kán God se vriend wees!

You Can Be God's Friend!

Druk van Januarie 2017

Afrikaans (gf-AF)

© 2000

Watch Tower Bible and Tract Society of Pennsylvania

Published and printed by Watch Tower Bible and Tract Society of South Africa NPC
Robert Broomrylaan-Oos 1, Rangeview, Krugersdorp, 1739, RSA

Made in the Republic of South Africa
Gedruk in die Republiek van Suid-Afrika

GOD NOOI JOU OM SY VRIEND TE WORD

God wil graag hê dat jy sy vriend moet wees. Het jy al ooit daaraan gedink dat jy 'n vriend van die vernaamste Persoon in die heelal kan wees? Abraham, wat lank gelede gelewe het, is God se vriend genoem (Jakobus 2:23). Die Bybel praat ook van ander wat God se vriendskap geniet het en grootliks geseën is. Vandag is daar mense in alle wêrelddele wat vriende van God geword het. Jy kan ook God se vriend wees.

Om 'n vriend van God te wees, is beter as om 'n vriend van enige mens te wees. God stel nooit sy lojale vriende teleur nie (Psalm 18:25). Om 'n vriend van God te wees, is beter as om ryk te wees. Wanneer 'n ryk persoon sterf, kry ander sy geld. Maar diegene wat 'n vriend van God is, het 'n skat wat niemand kan wegneem nie.—Matteus 6:19.

Party mense sal dalk probeer keer dat jy God leer ken. Selfs van jou vriende en familielede sal dit dalk doen (Matteus 10:36, 37). As ander jou bespot of dreig, kan jy jou afvra: 'Wie wil ek behaag—God of mense?' Dink hieroor na: Sal jy luister as iemand vir jou sê om op te hou eet? Natuurlik nie! Jy het kos nodig om te lewe. Maar God kan jou vir ewig laat lewe! Moet dus nie toelaat dat enigiemand jou keer om te leer hoe jy 'n vriend van God kan wees nie.—Johannes 17:3.



GOD IS DIE BESTE VRIEND WAT JY OOIË KAN HÊ

Die wonderlikste ding wat ooit met jou kan gebeur, is om God se vriend te word. God sal jou leer hoe om gelukkig te wees en veilig te voel; hy sal jou vrymaak van talle verkeerde opvattinge en skadelike gebruike. Hy sal na jou gebede luister. Hy sal jou help om gemoedsrus en vertroue te hê (Psalm 71:5; 73:28). God sal jou in moeilike tye onderskraag (Psalm 18:18). En God bied jou sy gawe van die ewige lewe aan. —Romeine 6:23.



Namate jy nader aan God kom, sal jy nader aan vriende van God kom. Hulle sal ook jou vriende word. Trouens, hulle sal vir jou soos broers en susters wees. Hulle sal jou met graagte van God leer en jou help en aanmoedig.

Ons is nie gelyk aan God nie. As jy 'n vriend van God wil word, moet jy 'n belangrike feit verstaan. Vriendskap met God is nie 'n vriendskap met iemand wat jou gelyke is nie. Hy is heelwat ouer en wyser as ons en baie magtiger as ons. Hy is ons regmatige Heerser. As ons dus sy vriend wil wees, moet ons na hom luister en doen wat hy vir ons sê om te doen. Dit sal altyd vir ons eie beswil wees.—Jesaja 48:18.



JY MOET GOD LEER KEN

Om God se vriend te wees, moet jy hom leer ken. Ken jou vriende jou naam en gebruik hulle dit? Ja, natuurlik. God wil ook hê dat jy sy naam moet ken en gebruik. God se naam is Jehovah (Psalm 83:18; Matteus 6:9). Jy moet ook leer waarvan hy hou en nie hou nie. Jy moet weet wie sy vriende is en wie sy vyande is. Dit neem tyd om iemand te leer ken. Die Bybel sê dat dit verstandig is om tyd opsy te sit om Jehovah te leer ken.—Efesiërs 5:15, 16.

God se vriende doen wat hom behaag. Dink aan jou vriende. Sal hulle jou vriende bly as jy hulle sleg behandel en dinge doen wat hulle haat? Natuurlik nie! Net so ook moet jy doen wat God behaag as jy sy vriend wil wees.—Johannes 4:24.

Nie alle godsdienste laat jou 'n vriend van God word nie. Jesus, wat God se intiemste vriend is, het van twee paaie gepraat. Een pad is breed en vol mense. Daardie pad lei tot vernietiging. Die ander pad is smal en daar is min mense daarop. Daardie pad lei tot die ewige lewe. As jy dus 'n vriend van God wil wees, moet jy leer wat die regte manier is om hom te aanbid.—Matteus 7:13, 14.



HOE JY GOD KAN LEER KEN

Jy kan Jehovah leer ken deur die Bybel te lees. God het lank gelede sekere mense gekies om sy woorde neer te skryf. Daardie geskryfte word die Bybel genoem. Vandag leer ons God ken deur die Bybel te lees. Aangesien die Bybel Jehovah se woord, of boodskap, bevat, word dit ook God se Woord genoem. Ons kan glo wat die Bybel sê omdat Jehovah nooit leuens vertel nie. ‘Dit is onmoontlik vir God om te lieg’ (Hebreërs 6:18). God se Woord bevat die waarheid.—Johannes 17:17.



Die Bybel is een van God se kosbaarste geskenke aan ons. Dit is soos ’n brief van ’n liefdevolle vader aan sy kinders. Dit vertel ons van God se belofte om die aarde in ’n pragtige woonplek te omskep—’n paradys. Dit vertel ons wat hy in die verlede gedoen het, wat hy nou doen en wat hy in die toekoms vir sy getroue kinders sal doen. Dit help ons ook om ons probleme op te los en om geluk te vind.—2 Timoteus 3:16, 17.



Jehovah se Getuies is vriende van God; hulle sal jou help om te verstaan wat die Bybel ons leer. Sê net vir hulle dat jy die Bybel wil bestudeer. Dit sal jou niks kos nie (Matteus 10:8). Jy kan ook Christelike vergaderinge bywoon. Dit word gehou in plekke van aanbidding wat Koninkryksale genoem word. As jy Christelike vergaderinge bywoon, sal jy vinniger kennis van God inneem.

Jy kan God leer ken deur die dinge wat hy gemaak het. Die Bybel sê byvoorbeeld: “God [het] die hemel en die aarde geskep” (Genesis 1:1). Toe Jehovah “die hemel” geskep het, het hy die son gemaak. Wat sê dit vir ons omtrent God? Dit sê vir ons dat Jehovah groot krag het. Net hy kon iets so kragtig soos die son gemaak het. Dit sê ook vir ons dat Jehovah wys is, want dit verg wysheid om die son te maak wat hitte en lig uitstraal maar nooit uitbrand nie.

Jehovah se skepping toon dat hy ons liefhet. Dink aan al die verskillende vrugte wat daar op die aarde is. Jehovah kon net een soort vrug vir ons gegee het—of geen vrugte nie. Maar Jehovah het vir ons baie soorte vrugte gegee met ’n groot verskeidenheid vorme, groottes, kleure en smake. Dit toon dat Jehovah nie net ’n liefdevolle God is nie, maar dat hy ook baie vrygewig en bedagsaam en goedgehartig is. —Psalm 104:24.



GOD SE VRIENDE SAL IN DIE PARADYS LEWE

Die Paradys sal nie wees soos die wêreld waarin ons nou lewe nie. God wou nooit gehad het dat die aarde vol probleme en verdriet, pyn en lyding moet wees nie. In die toekoms sal God die aarde in 'n paradys omskep. Watter soort plek sal die Paradys wees? Kom ons kyk wat die Bybel sê:

Goeie mense. Die Paradys sal die tuiste van God se vriende wees. Hulle sal goeie dinge vir mekaar doen. Hulle sal in ooreenstemming met God se regverdige weë lewe.—Spreekw 2:21.

Genoeg voedsel. In die Paradys sal niemand meer honger ly nie. Die Bybel sê: “Daar sal volop graan [of voedsel] op die aarde wees.” —Psalm 72:16.

Mooi huise en aangename werk. Op die Paradysaarde sal elke gesin hulle eie huis hê. Almal sal werk doen wat hulle ware geluk verskaf.—Jesaja 65:21-23.




Wêreldwye vrede. Mense sal nie meer in oorloë veg en sterf nie. God se Woord sê: “[God] laat oorloë ophou.”—Psalm 46:8, 9.

Goeie gesondheid. Die Bybel beloof: “Geen inwoner [van die Paradys] sal sê: ‘Ek is siek’ nie” (Jesaja 33:24). Ook sal niemand lam of blind of doof of stom wees nie.—Jesaja 35: 5, 6.

Die einde van pyn, smart en die dood. God se Woord sê: “Die dood sal daar nie meer wees nie, en ook verdriet en geskreeu en pyn sal daar nie meer wees nie. Die vorige dinge het verbygegaan.”—Openbaring 21:4.

Daar sal geen slegte mense wees nie. Jehovah beloof: “Die goddeloses . . . sal van die aarde af uitgeroei word; en die verraderlikes sal daarvan weggeruk word.”—Spreuke 2:22.

Mense sal mekaar liefhê en respekteer. Daar sal nie meer ongeregtigheid, onderdrukking, gierigheid en haat wees nie. Mense sal verenig wees en in ooreenstemming met God se regverdige weë lewe.—Jesaja 26:9.



DIE PARADYS IS OP HANDE!

Die slegte dinge wat nou op die aarde gebeur, toon dat die Paradys op hande is. Die Bybel het gesê dat ons verskriklike tye sal ondervind net voordat die Paradys kom. Ons lewe nou in sulke tye! Hier is van die dinge wat die Bybel gesê het sal gebeur:

Groot oorloë. “Nasie sal teen nasie opstaan en koninkryk teen koninkryk” (Matteus 24:7). Hierdie profesie is bewaarheid. Sedert 1914 was daar al twee wêreldoorloë en talle kleiner oorloë. Miljoene mense het daarin gesterf.

Wydverspreide siektes. Daar sal “op die een plek na die ander peste” wees (Lukas 21:11). Is dit bewaarheid? Ja. Kanker, hartkwale, tering, malaria, vigs en ander siektes het al miljoene mense laat sterf.

’n Tekort aan voedsel. Regoor die aarde is daar mense wat nie genoeg voedsel het om te eet nie. Miljoene mense sterf jaarliks van honger. Dit is nog ’n teken dat die Paradys binnekort gaan kom. Die Bybel sê: “Daar sal voedseltekorte wees.”—Markus 13:8.



Aardbewings. “Daar sal . . . aardbewings op die een plek na die ander wees” (Matteus 24:7). Dit is ook in ons tyd bewaarheid. Meer as ’n miljoen mense het sedert 1914 in aardbewings gesterf.

Goddelose mense. Mense sal “liefhebbers van geld” en “liefhebbers van hulleself” wees. Hulle sal “liefhebbers van genot eerder as liefhebbers van God” wees. Kinders sal “on gehoorsaam aan ouers” wees (2 Timoteus 3:1-5). Stem jy nie saam dat hierdie soort mense vandag volop is nie? Hulle het geen eerbied vir God nie, en hulle maak die lewe moeilik vir diegene wat probeer om God te leer ken.

Misdaad. Daar sal ook ’n “toename in weteloosheid” wees (Matteus 24:12). Jy sal waarskynlik saamstem dat misdaad nou erger is as wat dit jare gelede was. Oral loop mense gevaar om beroof, bedrieg of leed aangedoen te word.

Dit alles toon dat God se Koninkryk op hande is. Die Bybel sê: “Wanneer julle hierdie dinge sien gebeur, [moet julle] weet dat die koninkryk van God naby is” (Lukas 21: 31). Wat is die Koninkryk van God? Dit is God se hemelse regering wat van hierdie aarde ’n paradys gaan maak. God se Koninkryk sal menseregerings vervang.—Daniël 2:44.



'N WAARSKUWING UIT DIE VERLEDE

Jehovah sal nie toelaat dat slegte mense die Paradys bederf nie. Net sy vriende sal daarin woon. Wat sal met slegte mense gebeur? Om die antwoord te kry, kan ons na die ware verhaal van Noag kyk. Noag het duisende jare gelede gelewe. Hy was 'n goeie man wat altyd hard probeer het om Jehovah se wil te doen. Maar die ander mense op die aarde het slegte dinge gedoen. Daarom het Jehovah vir Noag gesê dat Hy 'n vloed gaan bring om al daardie goddelose mense te vernietig. Hy het vir Noag gesê om 'n ark te bou sodat hy en sy gesin nie sou sterf wanneer die Vloed kom nie. —Genesis 6:9-18.

Noag en sy gesin het die ark gebou. Noag het die mense gewaarsku dat die Vloed gaan kom, maar hulle het nie na hom geluister nie. Hulle het aangehou om slegte dinge te doen. Nadat die ark klaar gebou is, het Noag die diere in die ark ingeneem, en hy en sy gesin het ook ingegaan. Toe het Jehovah 'n groot storm gebring. Dit het 40 dae en 40 nagte gereën. Die water het die hele aarde oorstroom. —Genesis 7:7-12.





Die goddelose mense het hulle lewe verloor, maar Noag en sy gesin is gered. Jehovah het hulle veilig deur die Vloed heen bewaar en hulle laat woon op 'n aarde wat van goddeloosheid gereinig is (Genesis 7:22, 23). Die Bybel sê dat daar weer 'n tyd sal kom wanneer Jehovah diegene gaan vernietig wat weier om te doen wat reg is. Goeie mense sal nie vernietig word nie. Hulle sal vir ewig op die Paradyssaarde woon.—2 Petrus 2:5, 6, 9.

Vandag doen baie mense slegte dinge. Die wêreld is vol probleme. Jehovah stuur sy Getuies keer op keer om die mense te waarsku, maar die meeste mense wil nie na Jehovah se woorde luister nie. Hulle wil nie hulle lewe verander nie. Hulle wil nie aanvaar wat God omtrent reg en verkeerd sê nie. Wat sal met hierdie mense gebeur? Sal hulle eendag verander? Baie sal nooit verander nie. Die tyd kom wanneer goddelose mense vernietig sal word en nooit weer sal lewe nie.—Psalm 92:7.

Die aarde sal nie vernietig word nie; dit sal in 'n paradys omskep word. Diegene wat God se vriende word, sal vir ewig in die Paradys op aarde lewe.—Psalm 37:29.

WIE IS GOD SE VYANDE?

God se vernaamste vyand is Satan die Duiwel. Hy is 'n geesskepsel wat teen Jehovah in opstand gekom het. Satan hou aan om teen God te veg en maak die lewe vir mense baie moeilik. Satan is vol boosheid. Hy is 'n leuenaar en 'n moordenaar.—Johannes 8:44.

Ander geesskepselle het by Satan aangesluit in sy opstand teen God. Die Bybel noem hulle demone. Soos Satan is die demone vyande van mense. Hulle hou daarvan om mense kwaad aan te doen (Matteus 9:32, 33; 12:22). Jehovah sal Satan en sy demone vir ewig vernietig. Hulle het nog net 'n kort tydjie oor om die lewe vir mense moeilik te maak.—Openbaring 12:12.

As jy God se vriend wil wees, moet jy nie doen wat Satan wil hê jy moet doen nie.

Satan en die demone haat Jehovah. Hulle is vyande van God, en hulle wil jou ook 'n vyand van God maak. Jy moet kies wie jy wil behaag—Satan of Jehovah. As jy die ewige lewe wil geniet, moet jy kies om God se wil te doen. Satan het baie slinkse streke en maniere om mense te mislei. Die meeste mense word deur hom bedrieg.—Openbaring 12:9.



WIE IS GOD SE VRIENDE?



Jesus Christus is Jehovah se Seun en sy beste, intiemste vriend. Voordat Jesus as 'n mens op die aarde gelewe het, was hy 'n magtige geeskepsel in die hemel (Johannes 17:5). Toe het hy na die aarde gekom om mense die waarheid oor God te leer (Johannes 18:37). Hy het ook sy menselewe gegee om gehoorsame mense van sonde en die dood te verlos (Romeine 6:23). Jesus is nou die Koning van God se Koninkryk, 'n hemelse regering wat van hierdie aarde 'n paradys gaan maak.—Openbaring 19:16.

Die engele is ook God se vriende. Die engele het nie hulle lewe as mense op die aarde begin nie. Hulle is in die hemel geskep voordat God die aarde gemaak het (Job 38:4-7). Daar is miljoene engele (Daniël 7:10). Hierdie hemelse vriende van God wil graag hê dat mense die waarheid oor Jehovah moet leer.—Openbaring 14:6, 7.

God het ook vriende op die aarde; hy noem hulle sy getuies. 'n Getuie in die hof sê wat hy van iemand of iets weet. Jehovah se Getuies vertel ander mense wat hulle van Jehovah en sy voorneme weet (Jesaja 43:10). Soos die engele, wil die Getuies jou help om die waarheid oor Jehovah te leer. Hulle wil hê dat jy ook God se vriend moet wees.



HOE OM DIE WARE GODSDIENS TE VIND

As jy 'n vriend van God wil wees, moet jy die godsdienst beoefen wat deur God goedgekeur word. Jesus het gesê dat “die ware aanbidders” God in ooreenstemming met “waarheid” sal aanbid (Johannes 4:23, 24). Daar is net een regte manier om God te aanbid (Efesiërs 4:4-6). Ware godsdienst lei tot die ewige lewe, en valse godsdienst lei tot vernietiging.—Matteus 7:13, 14.

Jy kan die ware godsdienst uitken deur te kyk na die mense wat dit beoefen. Aangesien Jehovah goed is, moet diegene wat sy ware aanbidders is goeie mense wees. Net soos 'n goeie lemoenboom goeie lemoene dra, bring die ware godsdienst goeie mense voort.—Matteus 7:15-20.

Jehovah se vriende het groot respek vir die Bybel. Hulle weet dat die Bybel van God af kom. Hulle laat die Bybel hulle lewe rig, hulle probleme oplos en hulle help om van God te leer (2 Timoteus 3:16). Hulle probeer doen wat hulle vir ander leer.





Jehovah se vriende toon liefde vir mekaar. Jesus het sy liefde vir mense getoon deur hulle van God te leer en deur die siekes gesond te maak. Dié wat die ware godsdiens beoefen, toon ook liefde vir ander. Soos Jesus sien hulle nie neer op mense wat arm is of aan 'n ander etniese groep behoort nie. Jesus het gesê dat mense sy dissipels sou ken aan die liefde wat hulle aan mekaar betoon.—Johannes 13:35.

God se vriende eer God se naam, Jehovah. Sal jy iemand jou beste vriend noem as hy weier om jou naam te gebruik? Nee! As ons 'n vriend het, gebruik ons sy naam, en ons vertel vir ander goeie dinge van daardie vriend. Daarom moet mense wat graag God se vriende wil wees sy naam gebruik en ander van hom vertel. Jehovah wil hê ons moet dit doen.—Matteus 6:9; Romeine 10:13, 14.

Soos Jesus leer God se vriende mense van God se Koninkryk. God se Koninkryk is die hemelse regering wat die aarde in 'n paradys gaan omskep. God se vriende vertel ander van hierdie goeie nuus van God se Koninkryk.—Matteus 24:14.

Jehovah se Getuies probeer om vriende van God te wees. Hulle het respek vir die Bybel en het liefde onder mekaar. Hulle gebruik en eer ook God se naam en leer ander van God se Koninkryk. Jehovah se Getuies beoefen vandag die ware godsdiens op die aarde.

VERWERP VALSE GODSDIENS!

Satan en sy demone wil nie hê dat jy God moet dien nie. Hulle sou graag, as hulle kon, alle mense van God wou afkeer. Hoe probeer hulle dit doen? Een manier is deur valse godsdiens (2 Korintiërs 11:13-15). 'n Godsdiens is vals as dit nie vir mense die waarheid uit die Bybel leer nie. Valse godsdiens is soos vervalste geld—dit lyk dalk eg, maar dit is waardeloos. Dit kan vir jou baie probleme veroorsaak.




Godsdiensleuens kan Jehovah, die God van waarheid, nooit behaag nie. Toe Jesus op die aarde was, was daar 'n godsdiensgroep wat hom wou doodmaak. Hulle het gedink dat hulle manier van aanbidding reg was. Hulle het gesê: “Ons het een Vader, God.” Het Jesus saamgestem? Nee! Hy het vir hulle gesê: “Julle is van julle vader die Duiwel” (Johannes 8:41, 44). Vandag dink baie mense dat hulle God aanbid, maar hulle dien in werklikheid Satan en sy demone!—1 Korintiërs 10:20.

Net soos 'n slegte boom slegte vrugte voortbring, bring valse godsdiens mense voort wat slegte dinge doen. Die wêreld is vol probleme weens die slegte dinge wat mense doen. Daar is onsedelikheid, bakleiery, diefstal, onderdrukking, moord en verkragting. Baie mense wat hierdie slegte dinge doen, behoort aan 'n godsdiens, maar hulle godsdiens beweeg hulle nie om te doen wat goed is nie. Hulle kan nie God se vriende wees nie tensy hulle op hou om slegte dinge te doen.—Matteus 7:17, 18.

Valse godsdiens leer mense om tot afgode te bid. God sê dat ons nie tot afgode moet bid nie. Dit is redelik. Sal jy daarvan hou as iemand nooit met jou nie, maar net met 'n foto van jou praat? Kan daardie persoon 'n ware vriend van jou wees? Nee, hy kan nie. Jehovah wil hê mense moet met hom praat, nie met 'n leweloze beeld of prent nie.—Eksodus 20:4, 5.


Valse godsdiens leer dat dit nie verkeerd is om ander in oorloë dood te maak nie. Jesus het gesê dat God se vriende liefde onder mekaar sal hê. Ons maak nie mense dood as ons hulle liefhet nie (Johannes 13:35). Dit is selfs verkeerd vir ons om slegte mense dood te maak. Toe Jesus se vyande gekom het om hom gevange te neem, het hy nie toegelaat dat sy dissipels veg om hom te beskerm nie.—Matteus 26:51, 52.

Valse godsdiens leer dat die goddeloses in die helse vuur sal ly. Maar die Bybel leer dat sonde tot die dood lei (Romeine 6:23). Jehovah is 'n God van liefde. Sal 'n liefdevolle God mense vir ewig folter? Natuurlik nie! In die Paradys sal daar net een godsdiens wees, die een wat deur Jehovah goedgekeur word (Openbaring 15:4). Alle godsdienste wat op Satan se leuens gebou is, sal nie meer bestaan nie.



WAT GEBEUR BY DIE DOOD?

Die dood is die teenoorgestelde van die lewe. Die dood is soos 'n diep slaap (Johannes 11:11-14). Dooies kan niks hoor, sien, sê of dink nie (Prediker 9:5, 10). Valse godsdiens leer dat die dooies na 'n geesteryk gaan waar hulle saam met hulle voorouers lewe. Dit is nie wat die Bybel leer nie.



Diegene wat gesterf het, kan ons nie help nie en hulle kan ons nie kwaad aandoen nie. Dit is algemeen vir mense om rituele uit te voer en offerandes te bring wat hulle glo die dooies sal behaag. Dit mishaa God, want dit is op een van Satan se leuens gegrond. Dit kan ook nie die dooies behaag nie, want hulle lewe nie. Ons moenie die dooies vrees of aanbid nie. Ons moet God alleen aanbid.—Matteus 4:10.

Die dooies sal weer lewe. Jehovah sal die dooies opwek tot lewe op 'n paradysaarde. Daardie tyd moet nog kom (Johannes 5:28, 29; Handeling 24:15). God kan mense uit die dood wakker maak, net so seker as wat jy iemand wat slaap, kan wakker maak.—Markus 5:22, 23, 41, 42.

Die opvatting dat ons nie sterf nie, is 'n leuen wat deur Satan die Duiwel versprei is. Satan en sy demone laat mense dink dat die geeste van die dooies lewe en siekte en ander probleme veroorsaak. Satan mislei mense, soms deur middel van drome en visioene. Jehovah veroordeel diegene wat met die dooies probeer praat.—Deuteronomium 18:10-12.

DIE TOORKUNS EN HEKSERY IS VERKEERD

Satan wil hê dat jy die toorkuns moet beoefen. Baie mense bring offerandes aan voorouers of geeste om te voorkom dat hulle kwaad aangedoen word. Hulle doen dit omdat hulle die kragte van diegene in die geesteryk vrees. Hulle dra towerringe of -armbande. Hulle drink “moetie” wat na bewering toorkrag besit of smeer dit aan hulle liggaam. Party mense versteek artikels, wat hulle glo die krag besit om hulle te beskerm, in hulle huise of in die grond. Ander gebruik toormiddels omdat hulle glo dat dit vir hulle sukses in sake, skoolksamens of liefdesverhoudings sal verseker.

Jou beste beskerming teen Satan is om Jehovah as jou vriend te hê. Jehovah God en sy engele is baie magtiger as Satan en sy demone (Jakobus 2:19; Openbaring 12:9). Jehovah sal met graagte sy krag toon ten behoeve van sy vriende—diegene wat heeltemal lojaal teenoor hom is.—2 Kronieke 16:9.

God se Woord sê: “Julle mag geen toorkuns beoefen nie.” Jehovah veroordeel toorkuns en heksery omdat hierdie gebruik ’n mens reg in die mag van Satan die Duiwel kan plaas.—Levitikus 19:26.




GOD SE VRIENDE VERMY DIE KWAAD

Satan bring mense in die versoeking om slegte dinge te doen. As iemand God se vriend wil wees, moet hy haat wat Jehovah haat (Psalm 97:10). Hier is 'n paar dinge wat God se vriende vermy:

Seksuele sondes. “Jy mag nie egbreuk pleeg nie” (Eksodus 20:14). Geslagsomgang voor die huwelik is ook verkeerd.—1 Korintiërs 6:18.



Diefstal. “Jy mag nie steel nie.”—Eksodus 20:15.



Dronkenskap. “Dronkaards . . . sal [nie] God se koninkryk beërf nie.”—1 Korintiërs 6:10.



Moord, aborsie. “Jy mag nie moord pleeg nie.”—Eksodus 20:13.



Leuens. Jehovah haat “'n valse tong”.—Spreuke 6:17.




Geweld en onbeheerste woede. “[Jehovah] haat beslis elkeen wat geweld liefhet” (Psalm 11:5). ‘Die werke van die vlees sluit vlae van toorn in.’—Galasiërs 5:19, 20.

Dobbelary. ‘Hou op om met enigeen om te gaan wat ’n gierigaard is.’—1 Korintiërs 5:11.

Rasse- en etniese haat. “Hou aan om julle vyande lief te hê en om te bid vir dié wat julle vervolg.”—Matteus 5:43, 44.

Wat God vir ons sê, is vir ons eie beswil. Dit is nie altyd maklik om slegte dinge te vermy nie. Met Jehovah se hulp en met die hulp van sy Getuies kan jy die dinge vermy waarin God geen behae het nie.—Jesaja 48:17; Filippense 4:13; Hebreërs 10:24, 25.



GOD SE VRIENDE DOEN WAT GOED IS



Wanneer jy ’n vriend het wat jy bewonder en respekteer, probeer jy om soos hy te wees. “Goed en opreg is Jehovah”, sê die Bybel (Psalm 25:8). Om God se vriend te wees, moet ons goed en opreg wees. Die Bybel sê: “Word . . . navolgers van God, as geliefde kinders, en gaan voort om in liefde te wandel” (Efesiërs 5:1, 2). Hier is ’n paar maniere waarop ’n mens dit kan doen:

Wees behulpsaam teenoor ander. “Laat ons . . . aan almal goed doen.”—Galasiërs 6:10.

Werk hard. “Laat die steler nie meer steel nie, maar laat hom liever harde werk doen deur met sy hande werk te doen wat goed is.”—Efesiërs 4:28.

Bly fisies en sedelik rein. “Laat ons ons van elke verontreiniging van die vlees en die gees reinig en in die vrees van God heilighed vervolmaak.”—2 Korintiërs 7:1.



Gesinslede moet mekaar met liefde en respek behandel. ‘Elkeen van julle moet sy vrou liefhê soos homself; andersyds moet die vrou diep respek vir haar man hê. Kinders, wees gehoorsaam aan julle ouers.’—Efeziërs 5:33–6:1.



Betoon liefde aan ander. “Laat ons aanhou om mekaar lief te hê, want die liefde kom van God.”
—1 Johannes 4:7.

Gehoorsaam die wette van die land. “Laat elke siel onderdanig wees aan die [regering] . . . Gee aan almal wat hulle toekom: aan hom wat die belasting verlang, die belasting.”—Romeine 13:1, 7.

BEWYS JOU LIEFDE VIR GOD

As jy 'n vriend wil behou, moet jy met hom gesels. Jy luister na hom, en hy luister na jou. Jy vertel ook vir ander goeie dinge van jou vriend. Dit is dieselfde as 'n mens 'n vriend van God wil wees. Kyk wat die Bybel hieroor sê:


Praat gereeld met Jehovah in gebed. “Hou vol met gebed.”—Romeine 12:12.

Lees God se Woord, die Bybel. “Die hele Skrif is deur God geïnspireer en is nuttig om te onderrig, om tereg te wys, om dinge reg te stel.”—2 Timoteus 3:16.

Leer ander van God. “Gaan dus en maak dissipels van mense van al die nasies, . . . en leer hulle om alles te onderhou wat ek julle beveel het.”—Matteus 28:19, 20.



KONINKRYKSAAL van Jehovah se Getuies



Maak vriende met God se vriende. “Hy wat met wyses wandel, sal wys word.”—Spreuke 13:20.

Woon vergaderinge in die Koninkryksaal by. “Laat ons op mekaar ag gee om tot liefde en voortreflike werke aan te spoor en . . . mekaar aanmoedig.”—Hebreërs 10:24, 25.

Help om die Koninkrykswerk te ondersteun. “Laat elkeen [gee] net soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie teënsinnig of onder dwang nie, want God het ’n blymoedige gewer lief.”—2 Korintiërs 9:7.





AS JY 'N VRIEND WIL BEHOU, MOET JY 'N VRIEND WEES

Vriendskap is gegrond op liefde. Hoe meer jy van Jehovah leer, hoe groter sal jou liefde vir hom word. Namate jou liefde vir God toeneem, sal jou begeerte om hom te dien ook toeneem. Dit sal jou beweeg om 'n dissipel van Jesus Christus te word (Matteus 28:19). As jy deel van die gelukkige gesin van Jehovah se Getuienes word, kan jy vir ewig God se vriend wees. Wat moet jy doen?

Jy moet jou liefde vir God bewys deur sy wette te gehoorsaam. “Dit is wat die liefde vir God beteken, dat ons sy gebooie onderhou; en tog is sy gebooie nie swaar nie.”—1 Johannes 5:3.

Pas toe wat jy leer. Jesus het 'n illustrasie vertel wat dit toelig. 'n Verstandige man het sy huis op rotsagtige grond gebou. 'n Dwase man het sy huis op sand gebou. Toe 'n groot storm kom, het die huis wat op die rots gebou is, nie ingestort nie, maar die huis wat op die sand gebou is, het met 'n groot instorting tot niet gegaan. Jesus het gesê dat diegene wat sy leringe hoor en dit doen soos die verstandige man is wat op die rots gebou het. Maar diegene wat na sy leringe luister en dit nie doen nie, is soos die dwase man wat op sand gebou het. Soos watter man wil jy wees?—Matteus 7:24-27.



An illustration of a woman with dark hair and bangs, wearing a brown patterned top, sitting at a desk and praying with her hands clasped. She has her eyes closed and a peaceful expression. On the desk in front of her is an open book, a small framed picture, and a green plant. Behind her is a bookshelf filled with books, a hanging plant, and a golden vase. The background is a plain, light-colored wall.

Toewyding. Dit beteken dat jy tot Jehovah bid en vir hom sê dat jy sy wil vir ewig wil doen. As jy God se wil doen, toon dit dat jy ’n dissipel van Jesus Christus is.—Matteus 11:29.

Doop. “Laat jou doop en was jou sondes af deur sy naam aan te roep.”—Handelinge 22:16.


Dien God heelhartig. “Wat julle ook al doen, doen dit met julle hele siel soos vir Jehovah en nie vir mense nie.”—Kolossense 3:23.

WEES GOD SE VRIEND—VIR EWIG!

Dit verg inspanning om 'n vriend te maak; dit verg inspanning om 'n vriend te behou. Die moeite wat jy doen om 'n vriend van God te word en te bly, sal ryklik beloon word. Jesus het vir diegene wat in hom glo, gesê: “Die waarheid sal julle vrymaak” (Johannes 8:32). Wat beteken dit?

Jy kan nou al vryheid geniet. Jy kan vry wees van die valse leerstellings en leuens wat deur Satan versprei word. Jy kan vry wees van die wanhoop waarin miljoene mense wat Jehovah nie ken nie, verval het (Romeine 8:22). God se vriende is selfs vry van die “vrees vir die dood”.—Hebreërs 2:14, 15.

Jy kan vryheid in God se nuwe wêreld geniet. Watter wonderlike vryheid kan jy tog in die toekoms geniet! Op die Paradysaarde sal daar vryheid van oorlog, siekte en misdaad wees. Vryheid van armoede en honger. Vryheid van bejaardheid en die dood. Vryheid van vrees, onderdrukking en ongeregtigheid. Die Bybel sê van God: “U maak u hand oop en bevredig die begeerte van alles wat lewe.”—Psalm 145:16.



God se vriende sal vir ewig lewe.

Ewige lewe is 'n kosbare gawe wat God sal gee aan almal wat sy vriende wil wees (Romeine 6:23). Dink net aan wat eindelose lewe vir jou sal beteken!

Jy sal tyd hê om baie dinge te doen. Jy wil dalk graag leer om 'n musiekinstrument te speel. Of miskien wil jy leer skilder of houtwerk leer doen. Miskien wil jy meer omtrent diere of plante leer. Of jy wil dalk graag reis en verskillende lande en volke sien. Ewige lewe sal dit alles moontlik maak!

Jy sal tyd hê om met baie mense vriende te maak. Ewige lewe sal dit vir jou moontlik maak om baie ander te leer ken wat God se vriende geword het. Jy sal hulle talente en goeie eienskappe leer ken, en hulle sal ook jou vriende word. Jy sal hulle liefhê, en hulle sal jou liefhê (1 Korintiërs 13:8). Eindelose lewe sal jou die tyd gee om met almal op aarde vriende te maak! Bowenal sal jou vriendskap met Jehovah al hoe hechter word namate die eeue verbygaan. **Mag jy vir ewig God se vriend wees!**





JW
.ORG

TM

Vir meer inligting, besoek www.jw.org/af of kontak Jehovah se Getuies.



9f-AF
170609